

Om aandeelhouders van die RBX Groep op hoogte te hou

Nota van die Besturende Direkteur

SIT vrystellings begin volgende week vir sitrus, so die nuwe seisoen is wel en waar op ons en produksie in Citrusdal lyk fantasies. Daar was ook 'n geleentheid vir ons om weer bymekaar te kom vir funksies met al ons personeel in die Oos-Kaap en Wes-Kaap. Later in September sal die amptelike opening wees van die nuwe hoofkantoor in Port Elizabeth.

Ons betree 'n seisoen waar ons nog nooit tevore beter voorbereid was om van hulp aan ons produsente te wees nie, maar as gevolg van verskeie internasionale druk het die vrugte-uitvoerbesigheid en veral sitrus 'n uiters moeilike tyd ondergaan. Ons tegniese en verkoopsspan in beide RB en XSIT werk saam om so teenwoordig as moontlik in die produksiegebiede te wees. Ons weet dat ons uitstekende produkte het en werk aktief saam met ons kliënte om holistiese programme aan te bied wat teen 'n hanteerbare prys beskikbaar is.

CHEERS, ROB


Die RBX-groep haal uit en wys by die CRI Simposium!

Die 11de CRI Simposium het plaasgevind gedurende die week van 21-24 Augustus in Cathkin Park, Drakensberg. Die RBX-groep het 'n groot teenwoordigheid by die byeenkoms gehad as een van die borge.

As deel van die borgskap het ons die geleentheid gehad om 'n interaktiewe uitstalling te skep waar ons die kans gehad het om ons produkke voor te stel en met huidige en potensiële kliënte te praat. Die RBX-groep het ook die 'Happy Hour'-funksie geborg wat Maandagaand gehou was en tot die verbasing van baie het ons drankies bedien wat met ons produk-etikette oorgetrek was. Nou dit is wat ons handelsmerk verteenwoordigheid noem!

Dr Megan Malcahy het ook die geleentheid gehad om 'n praatjie oor SIT en die herposisionering daarvan binne die VKM-bestuursgereedskapkas aan te bied.

Die week was 'n groot geleentheid vir ons maatskappy, en ons wil graag die CRI gelukwens op 'n suksesvolle byeenkoms.



September Verjaarsdae

Marlin Brink, Leander Britz, Mandla Dilima, Zonia Fortuin, Lionel Fransman, Elrico Jafta, Rustum Jansen, Wilhelm Koekemoer, Herschelle Mollies, Cuman Oostendorff, John Opoku-Debrah, Celia Polisa, Saul Titus, Olwethu Tsewu, Branwon Vallentyn, Deon Viljoen

Trotse Lede van die CGA Groep van Maatskappye

